Junie 2016



**Nuusbrief**

**N1/2016**

Privaatsak X4 Laingsburg 6900 Tel. 023 551 1019 Faks. 023 551 1019
info@laingsburg.gov.za

# Municipality . Laingsburg . Munisipaliteit



## BURGEMEESTER SE BOODSKAP

Inwonwers, dit is die laaste nuusbrief van die munisipaliteit onder leiding van die huidige regering. Dit was vir my 'n voorreg gewees om die afgelope vyf jaar as uitvoerende burgemeester te dien en leiding in Laingsburg Munisipaliteit te neem.

Ek voel tevrede dat ons hierdie munisipaliteit in 'n baie beter staat afgee as toe ons dit vyf jaar gelede oorgeneem het. Ons het twee behuisingsprojekte voltooi en ook verskeie ander infrastruktuur projekte aangepak en voltooi. Ons het verskeie ander projekte wat uit ons ekonomiese ontwikkelingsplanne gevolg het aangepak en is steeds met van hulle besig. Ons dorp is skoon en dienste is in plek. Ons het met al ons projekte die meeste munisipaal verwante werk in die munisipaliteit se geskiedenis geskep.

Ons het baie belê in nuwe personeel en ook belangrik die opleiding van ons bestaande personeel. Ons finansies is gesond. Ons het nie baie geld nie, maar is die enigste munisipaliteit waarvan ek weet wat geen skuld het nie.

Ek wil dankie sê aan die munisipale bestuurder en sy personeel en veral vir die ontwikkelings departement onder Gwynne Harding vir hul lojaliteit en insette.

Ek glo die nuwe regering sal Laingsburg verder vorentoe vat en ontwikkel. Kom ons wees trots om Laingsburgers te wees. Kom ons werk saam en laat nie toe dat die verkiesing van 3 Augustus ons verdeel nie. Daar is te veel vraagstukke wat nog opgelos moet word, veral op maatskaplike en sosiale gebiede.

Ek groet u en is trots om 'n Laingsburger te wees.

Wilhelm Theron

## Laingsburg en sy Mense

**WOORDE KAN ONS NIE BESKRYF NIE, MAAR FOTOS WEL. RYK KULTUUR & WARM KAROOSTERS**



# Voorsienings Kanaal Bestuur

Laingsburg Munisipaliteit wil weereens 'n beroep doen op alle besighede, kontrakteurs asook voornemende besighede om hul te registreer op die Weskaapse Verskaffers Databasis sodat ons van u dienste gebruik kan maak.

Indien u versium om dit te doen, sal ons geforseer word om van besighede buite Laingsburg gebruik te maak.

**Die besighede wat gehelp is om te registreer word aanbeveel om ook te registreer, sodat daar ook van hul dienste gebruik gemaak kan word.**

## *Munisipale Verkeer*

Laingsburg Munisipaliteit in samewerking met die Weskaapse Departement van Gemeenskaps Veiligheid is tans besig om die Wolwekloof Wetstoepassing program te implementeer. 16 Werklose matriekulante is aangestel om die Munisipale Verkeer te ondersteun om wet en orde te handhaaf.



Hulle het verskeie opleiding ondergaan en sal eersdaags as Vredes Beamptes ingesweer word, waarna hulle volmag sal hê om wet en orde te handhaaf.



***Alle sterkte aan ons jongmense en die taak wat hul opgelê is.***

## Wykskomitees

Graag wil ons van die geleentheid gebruik maak om die Wykskomitees te bedank vir hul bereidwilligheid om die Raadslede, die munisipaliteit en ons gemeenskap te dien en u families menigde aande agter gelaat het om maandelikse vergaderings by te woon en insette te lewer in die munisipaliteit se werksaamhede.

****** RESESSIE ******

***Die Munisipale Raad gaan in resessie vanaf die 1ste Julie 2016 tot die 3de Augustus 2016.***




# *Laingsburg Munisipale Visie*

**'n Verkieslike Plek om in te woon, te investeer en te besoek waar alle mense 'n volhoubare gehalte van lewe geniet.**

**'n Munisipaliteit wat Werk!**

## Belangrike Datums

| | |
|---|---|
| Skool begin | : 18 Julie 2016 |
| Verkiesing | : 03 Augustus 2016 |
| Vrouedag | : 09 Augustus 2016 |
| Mandela Dag | : 18 Augustus 2016 |
| Golf dag | : 10 September 2016 |
| Karoo Marathon | : 01 Oktober 2016 |
| LED Week | : 12-14 September 2016 |
| Karoo Parliament | : 14-16 September 2016 |

## LADAAG

**Laingsburg Anti Dwelm Alkohol Aksie Groep doen 'n beroep op gemeenskaps lede wat belang stel om in te skakel by die groep en ons gemeenskap te help.**

**Alkohol & Dwelms**
**vernietig lewens! Kies 'n skoon en vry lewe!**

**Om deel te vorm van LADAAG of indien u hulp nodig het of gerehabiliteer te word, skakel Shireen by (023) 551 1899**



## LAINGSBURG DRAMA GROEP

Die Laingsburg Karoofees Beplannings komitee het besluit om 'n plaaslike Drama groep te begin en plaaslike talent te bevorder en hulle die nodige blootstelling te gee by aanstaande jaar se fees en aan te moedig om by ander feeste op te tree.

**Ons wil alle plaaslike toneelspelers/sters, Sangers, Dansers, musiekmakers en almal wat belangstel om hul name by Steven Schippers of by Marieda Serfontein in te gee.**

Indien u belangstel om deel te vorm van ons fees beplannings komitee en indien u enige voorstelle het om die fees te verbeter, kan u Mev. Gwynne Harding by (023) 551 1019 gedurende kantoor ure kontak.

Die komitee beplan kwaartaalikse fonds insamelings inisiatiewe en wil ons 'n beroep op u doen om ons te ondersteun. Alles wat gedoen word, is vir ons gemeenskap.

**Karoofees organiseerders ondersteun die Drama Groep heelhartig en beplan om elke jaar soortgelyke inisiatiewe te identifiseer ter bevordering van ons eie gemeenskap!**




## Laingsburg KAROOFEES

**21 – 23 April 2017**

**Merry-Go-Round; Stalletjies, Kunstenaars, Rieldans Kompetisie, Fietsry, Quad Bikes, Karoo Kos, Biertent, plaaslike Talent, Musiek & vermaak.**

Maak seker dat u u geldjies spaar sodat jul kan deel neem in al die pret en plesier.

Nooi al u familie en vriende Laingsburg toe sodat dit 'n ware Laingsburg Gemeenskap FEES sal wees.





## KONTAK ONS



**Laingsburg Tourism**
Info/Flood Museum
Private Bag X4
Laingsburg
6900
South Africa

023 5511 868
www.infolaingsburg.co.za
laingsburgtourism@telkomsa.net
Laingsburg Tourism
@VisitLaingsburg
Laingsburg Tourism


## Nood Nommers

| | | |
|---|---|---|
| Munisipale Verkeer | - | 073 148 7665 |
| Brandweer & Rampbestuur | - | 073 148 7665 |
| Water Werke | - | 073 171 5896 |
| Elektrisiteit | - | 073 171 5896 |
| SAPD | - | 10111 |
| EMS Ambulans | - | 10177 / 023 551 1420 |
| Klagtes | - | 023 551 1019 |
| Childline | - | 0800 055 555 |
| Kindersorg | - | 023 551 1694 |
| Dr Van Heerden | - | 023 551 1696 |
| Hospitaal | - | 023 551 1237 |

**Tuinmaak Wenke**



LAINGSBURG

MUNISIPALITEIT


2 Van Riebeeckstraat
Laingsburg
6900

Kontak ons **023-551-1019**



## Hou ons dorp skoon

Laingsburg Munisipaliteit word beskou as een van die skoonste dorpe in die Weskaap en in Suid Afrika. Ons is trots op ons area en werk hard om dit skoon te hou.

Ons vra asb almal se samewerking om dit skoon en netjies te hou. Ons het ook opgelet dat ons riviere bestrooi lê met rommel, daarom wil ons 'n beroep doen aan almal om 'n punt daarvan te maak om rommel in dromme te gooi en nie rond te strooi nie.

Ons het ook opgemerk dat rommel op onwettige areas gestort word. Daar kan stappe teen persone geneem word wat hul skuldig daaraan maak.

Dit is ons dorp, kom ons werk saam om dit netjies en skoon te hou.







*Indien u 'n advertensie in die koerant wil plaas kan u met ons gesels en 'n goeie prysie kom onderhandel!!*

*Munisipale Kommunikasie Kantoor*
*Gwynne & Arthur*